


# Neuman Drakensbergers

## Neuman Nuus

Uitgawe 5 Junie 2012

**Inligtingsdag**

**11 Julie**

**2012**

**Veiling**

**2 Augustus**

**2012**

Ons sal die 2011/12 seisoen onthou vir die hewige sneeustorms wat ons einde Augustus gehad het. Op die woonplaas was die sneeu op party plekke tot 1meter diep. Ons was letterlik vir drie dae ingesneeu sonder krag of telefoonlyne – afgesny van die res van die wêreld. In hierdie koue tyd was mens weereens dankbaar dat hier met Drakensbergers geboer word en glo nou meer in die bekende gesegde wat lui ***"Jou beste assuransie teen die winterkoue is geharde Drakensbergers"*** **.**

### Inligtingsdag

Verlede jaar se Inligtingsdag het plaasgevind op 19 Julie. Mnr Daan Retief van Standard Bank het gepraat oor die "Toekoms van Veeboerdery in SA". Dit is gevolg deur mnr Johan Mouton van Molatek wat sy mening gegee het of jy wel kan boer in die Hoëveld sonder lekke. Daarna is die veilingsbulle besigtig en bespreek deur mnr Carel Nel. Dr. Hannes Dreyer het ook die waarde van veldbultoetse bespreek wat deur almal baie interessant gevind is.

Daar is nou alreeds navrae oor ons inligtingsdag. Sprekers wat hierdie jaar gaan optree is prof Thys Ungerer oor die voedingswaarde van rooivleis asook die bekende dr Faffa Malan oor veesiektes. Die bulle en ramme sal onderskeidelik bespreek word deur mnre Arthur de Villiers en Daan Cronje.

### Veiling

Die veiling wat op 4 Augustus gehou is, het sy eie hoogtepunte opgelewer. Altesaam 71 kopers van sover as Namibie het geregistreer. Vir die eerste maal is Merino ramme aangebied en al die ramme wat aangebied is, is verkoop teen 'n gemiddelde prys van R6 550. Die die hoogste prys van R18 000 deur mnr SW Roeland van Vrede.

Die nuwe SA Rekordprys (R107 500) vir 'n Drakensberger bul is behaal toe lot nr 6 (HN0765) verkoop is aan mnr Johan Botha van Standerton. Verder is daar onder andere twee bulle teen R60 000 stuk van die hand gesit aan onderskeidelik mnr Johan Hancke van Bethal (lot 11) en mnre PR en LC Botha van Vrede (lot 3) . Al die bulle wat te koop aangebied is, is verkoop teen 'n gemiddelde prys van R38 306. 'n SA rekordprys vir dragtige Drakensbergerverse is ook behaal.

### Familie

***Die grootste hoogtepunt en vreugde was ons dogter Jodee, se troue met Kevin Shaftoe van Johannesburg.***

Ons jongste dogter, Natalie, se liefde vir die swart beeste het haar teruggebring plaas toe en sy staan nou haar plek vol in die Neuman boerdery.

### Algemeen

Een van die groot besprekingspunte in die beesbedryf die afgelope jare het gedraai om die sogenaamde kurweknakkers (curvebenders) en of dit die moeite werd is om daarvoor te selekteer.

Volgens Hammack (2009) is die ideale kurweknakker 'n bul met 'n lae geboortemassa ( vir kalwingsgemak), hoë speenmassa, hoë jaarmassa en 'n lae volwasse massa (vir lae onderhoudsbehoeftes van die koei). Daar moet onthou word dat geboortemassa positief gekorreleerd is met speenmassa, dit wil sê bulle met 'n hoër geboortemassa sal kalwers teël met hoër speenmassa as bulle met 'n lae geboortemassa. In 'n studie met meer as 13 000 Angus het bogemelde outeur ook gevind dat die korrelasie tussen speenmassa direk en volwasse gewig baie hoog was (0.73).

Die Amerikaanse Angus Genootskap kon slegs 1 kurweknakker bul uit meer as 2200 bulle opspoor. Briedenhann & Bosman (2009) praat van uitsonderingsgenetika en dit is wat kurweknakkers in werklikheid is. »



*Skoonseun bring die "lobola"!*

« Hulle bevestig ook dat hierdie tipe bulle skaars is en moeilik is om te teel. Die vraag is nou net: As hierdie bulle so skaars is, waar kry die kommersiële beesboer sulke bulle? Dit is feitlik onverkrygbaar. As 'n kommersiële beesboer argumentsonthalwe 10 bulle van 'n spesifieke ras benodig, waar kry hy 10 kurweknakkers ? Persoonlik glo ek dat dit baie belangriker is om pelvisgroottes te meet om kalwingsprobleme te voorkom. Stoettelers moet versigtig wees om nie oordrewe klem op seleksie vir geboortemassa te plaas nie en dan bulle produseer wat lae speenmassas tot gevolg het. Onlangse studies het ook getoon dat pelvisgrootte baie belangriker is om kalfprobleme te voorkom as meeste van die ander faktore.Dit is dan ook die rede waarom ons in die toekoms al meer klem gaan lê op pelvismetings van beide bulle en verse.



***Bul F0633 - Amper 'n kurweknakker bul.***

## Effective vs. Efficient cows

There has been a lot of talking throughout the beef industry about efficiency and with good reason. Feed input costs are usually the largest single expense for beef producers and that is the reason why we try to produce veld adapted and effective cattle. That is also in accordance with My Motto (2011 Newsletter) in breeding beef is the following: **WORK WITH NATURE INSTEAD OF AGAINST NATURE.** Through proper management and genetics, very few outside inputs are required. ***The easiest money you will ever make is the money you don't have to spend.***

An efficient cow can produce a weaner at 205 days weighing say 48% of its dam's mass and not be in calf. An effective cow will do the same but be in calf to calve at the same time the following season. It is crucial that breeders start talking herd production instead of individual production. (Symons,2012) If it can be demonstrated that, by using better bulls on a commercial herd the weaning mass(actual) can be lifted 10kg, then a breeder who weans 900 calves out of a 1000 cow herd will make R180,000 clear profit more! (Symons,2012).



***Another good example of an effective cow***

-NEUMAN-

-DRAKENSBERGER-



***'n Sprekende voorbeeld waarom daar vir temperament geselekteer word! (Dan kan 'n man mos in die kraal bly!)***

***'n Groep eerste-kalf verse***



*Van die kopers op die vorige veiling. Voor, tweede van regs sit mnr Jaap van Zyl van Vrede. Baie geluk aan Jaap en Mayne met hulle seun Pieter, (Cheetah skrumskakel), wat nou ook in die Springbok oefengroep opgeneem is. 'n Besondere prestasie! Een van die dae spog die Drakensbergergenootskap met 'n Springbok skrumskakel in hulle geledere.*





*Pieter van Zyl*

## Veldbuldata

| | 2011/2012 | | 2010/2011 | |
|---|---|---|---|---|
| **Eienskap** | Frelon | Hymgert | Frelon | Hymgert |
| Kondisie telling | 4.35 | 4.78 | 5.19 | 5.04 |
| Bespiering | 5.74 | 5.91 | 5.58 | 5.77 |
| Temperament | 1.22 | 1.36 | 1.39 | 1.43 |
| Hare | 2.01 | 2.18 | 1.63 | 1.94 |
| GDT | 560 | 672 | 690 | 767 |
| Skrotum | 33.7 | 33.4 | 36.1 | 35.3 |
| Pelvic Score | 176.9 | 183.0 | | |
| VVO | 14.07 | 12.67 | 11.97 | 9.22 |



***Frelon en Hymgert bulle wat op die veld getoets is, sal meer koeie dek, langer lewe en is bekostigbaar!***

# 'n Voorsmakie...

## F 0820



**Lot 7** This strong and well balanced bull is bred out of L0568. He is a son of the well known F0422. This bull scored 123 for muscling and 104 for ADG during the veld test. A careful look at this bull will reveal his very good top line, broad back, smooth coat and good walking ability. Progeny of this bull will be on my next production sale. This year I mated him with 48 Hymgert heifers which he impregnated in a three month period.



## F 0931

**Lot 35** Hierdie bul uit die M koei lyn beïndruk met sy lengte en diepte. Die growwe haar in sy nek wys manlikheid. Hierdie dik bul is 9% ingeteel met ander woorde hy sal teel soos wat hy lyk. Die bul het tydens die veldtoets nooit maer vertoon nie. Dit kan jy sien in sy kondisie indeks van 116. Die bul het ook baie goeie bespiering (indeks 116). Die bul het 'n baie goeie temperament wat in my oë 'n groot pluspunt is.

Die bul het by 37 stoet koeie geloop en binne 75 dae was 35 koeie dragtig.

Bulle uit die M koeilyn loop in die Mambane stoet en by Henk Nel van Vrede.

## HN 0939

**Lot 22** Hierdie bul is uit BK 01100 wat 'n preferente A koei is. Die voortreflike koei se nageslag wat aangebied is vir keuring, is almal goedgekeur. Tydens die veldtoets het die bul besonders goed gevaar. Met 'n GDT indeks van 120, wys dit dat die bul veld vinnig kan omsit na vleis. Die bul se teelwaardes op speen is +7.3. Ek het die bul self in my stoet gebruik. Die bul se pa HN 05110 is gekoop deur Johan Botha van Standerton. Hierdie is 'n goeie medium-raam bul wat ek glo die ideale grootte is om te presteer op ons suurveld.

***Onthou, 'n bul teël verse wat soos sy ma lyk!***



## HN 0973



**LOT 4** Hierdie indrukwekende 3 jaar oue bul is 'n seun van HN 0684 wat deur Mnr. Gert du Preez van Standerton gekoop is. Aan die moederskant is hy uit die bekende Vickery bloedlyn. Die bul is 'n baie mooi tipiese Drakensberger met 'n goeie toplyn en manlike kop. Sy moeder HN 0541, is 'n vrugbare koei met 'n TKP van 385 dae. HN 0973 is 3% ingeteel, wat vir my beteken dat hy goeie erfdwang gaan hê. Sy kalwers behoort uit te staan en duidelik herkenbaar te wees. Tydens die veldtoets het die bul uitstekend presteer met 'n ekonomiese indeks van 119. Die bul is goed bespierd met 'n bespierings indeks van 121. Bulle van die VV koeilyn loop by AB Herbst van Heilbron en Klaas Venter van Grootvlei.



## F 0984

**LOT 6** Hierdie bul sal 'n indruk maak op enige bees-kenner. Die bul het 'n baie sterk manlike kop, breë bek en is breed oor die rug met goeie bespiering. Die bul het 'n baie goeie skede en let ook op na sy lang stert. Kyk na sy goeie teel-waardes op speen, direk + 20.1. Indien jy dus wil speenkal-wers verkoop is hier-die eienskap voor-loper die regte bul vir jou. Ek het die bul self in my stoet gebruik. Hy is uit die moeder BR 0003 wat 'n TKP het van 365 dae oor 8 kal-wers. Hierdie stoet-bul is beslis een van my gunsteling bulle op die veiling. Sy vader F 0633, word nou nog met welslae in beide stoetery gebruik.

## HN 0954

**LOT 5** Hierdie bul het 'n baie mooi manlike kop. Die bul is breed met goeie bene. Hy het 'n perfekte kruis met 'n klein skede. Die bul het 'n baie mooi tempera-ment en het tydens die veldbul toets die hoog-ste ekonomiese indeks uit 'n groep van 83 bulle behaal. Die bul is uit die AK bloedlyn. HN 0392 is 'n vrugbare koei met 'n TKP van 368 dae en 'n reproduksie indeks van 109. Sy is 'n eien-skap voorloper op speen (direk en maternal). Al haar kalwers wat vir keuring aangebied is, is gekeur. HN 0954 se eie teelwaardes is in die boonste 10% van die ras. en tesame met sy goeie veldsyfers sal hier-die bul 'n positiewe by-drae lewer in enige kudde. Bulle uit die koeilyn is gekoop deur Johan van Staden en Byron Cumin, van die Noordwes Provinsie.



## HN 09140



**Lot 29** Hierdie is 'n harde, bespierde bul met 'n speen indeks van 120 en 12 maande indeks van 127. Die bul het die genetiese vermoë om die goeie melkeienskappe van sy ma oor te dra na sy nageslag. Sy teel waardes op speen is +11.2 met 'n akkuraatheid van 74%. Die bul se halfbroer is deur Cronje Boerdery van Vrede, op ons eerste produksie veiling in 2008 gekoop vir 'n rekordprys. Sy ander broer is aan Hannes Rautenbach van Lindley verkoop.

## Vroulike aanbod

Ons bied vanjaar 200 dragtige kommersiële verse aan. Die verse is almal dragtig van stoetbulle en is dragtig gesertifiseer deur dr Pieter Myburgh (Vrede). Hierdie verse is van so 'n hoë standaard dat die meeste opgeneem sal kan word as Hulpstamboek A diere.

Met die stelsel wat ons volg is ons kommersiële kudde in werklikheid net een generasie agter die stoetkudde. Ons is baie trots daarop dat ons tydens die Nasionale veiling vanjaar te Parys die SA Rekordprys behaal het vir beide ons verse en koeie.

Die res van die vroulike aanbod bestaan uit eerstekalfkoeie met kalwers en oop verse gereed vir die bul.



*Hoogste prys koei met verskalf op die Nasionale veiling te Parys.*

***Onthou as 'n bul nie die veldbulbrandmerk op het nie – is dit nie 'n veldbul nie!***

≻ V ≺
**Veldbul SA**

**Kan jy dit bekostig om nie 'n veldbul of 'n veldram te gebruik nie? Om bulle of ramme te toets onder veldtoestande kan u enige van die volgende persone kontak :**

**Dr Hannes Dreyer**
**hannesdreyer@vodamail.co.za**
**0828231045**
**Dr Theuns Laas**
**theunslaas@yahoo.co.za**
**0827747305**
**Barry Symons**
**glenbella@florasymons.co.za**




## Neuman Merinos - Sinoniem met Veldramme



Neuman Merinos bly nog die enigste stoet wat nog elke jaar ramme by die Oos Vrystaat Veldramklub ingeskryf het (26 jaar). Dit het ons 13 jaar geneem voordat ons die eerste toekenning verwerf het, maar nou pluk ons die vrugte van ons doelgerigte teelbeleid waar ons veldramme teel wat aangepas is onder suurveldtoestande. Met die skrywe hiervan weet ons al dat ons 'n keuringspersentasie van 80% behaal het. Drie van die vier silwermeriete ramme wat aangewys is, is Neuman Merino's.

Die volgende Tabel toon die resultate van die keuring van hierdie jaar se veilingsramme aan. Die feit dat slegs 53% van die ramme wat getoets is, uiteindelik gekeur word, beklemtoon hoe streng ons keuringsbeleid is. Verder word slegs 5.4% van die ramme in die stoet gebruik.

Die 40 ramme sal direk na die beeste opgeveil word.

Navrae:

**Leonard Neuman**
**072 535 0197**

| | Getal | % |
|---|---|---|
| **Aantal** | 186 | |
| Gekeur | 99 | 53.2 |
| Stoet | 10 | 5.4 |
| **Foute :** | | |
| Wolgesig | 3 | 1.6 |
| Kleur | 11 | 5.9 |
| Aftipe | 6 | 3.2 |
| Testis | 4 | 2.2 |
| Hare/kemp | 2 | 1.1 |
| Hakke | 6 | 3.2 |
| CB | 10 | 5.4 |

Daar word dikwels gesê dat wol nie meer belangrik is in die skaapbedryf nie. Onderstaande Tabel gee 'n aanduiding van hoe belangrik wol nog steeds is, Gemiddeld maak wol 33% van die totale inkomste uit terwyl daar ramme is waarvan bykans 50% van hul inkomste uit wol uit kom. Deur na die Wolwaarde Indeks en die Vleiswaarde indeks in die katalogus te kyk , kan u self besluit watter ram u keuse is.



-NEUMAN-
-MERINOS-

| Ram met: | Randwaarde | % Afkomstig uit Wol | % Afkomstig uit Vleis |
|---|---|---|---|
| Hoogste Inkomste: | R 691.96 | 27 | 73 |
| Hoogste Wolinkomste: | R 222.14 | 47 | 53 |
| Hoogste Vleisinkomste: | R 515.90 | 19 | 81 |
| Gemiddeld | | 33 | 67 |

www.neumandrakensbergers.co.za

### *Uitnodiging:*

# Neuman Broers Inligtingsdag

Alle skaap- en beesboere is welkom om **Neuman Broers** se **Inligtingsdag** op **11 Julie** om **10h15** op die plaas NEWLANDS by te woon!

**Program**

- **Dr. Faffa Malan** - Veesiektes.
- **Prof. Thys Ungerer** - Gesondheidsaspekte van rooivleis
- **Dr. Hannes Dreyer** - Resultate van veldbul- en ramtoetse

*Besigtiging en bespreking van bulle word deur **Mnr Arthur de Villiers** behartig.*

Om 13h30 sal die dag afsluit met 'n ete en saamkuier.

***You're never too old to learn or too busy to participate, so please join us!!***

**Oornag verblyf in Vrede distrik -**

**Vrede Hotel**
Kerkstraat
Vrede
Tel: 058 913 3637
Vredehotel@gmail.com

**Glen B&B**
Me. Marietjie Jordaan
Tel: 058 913 1950
Sel: 082 873 5389

**Welgevonden B&B**
Me. Estelle du Toit
Tel: 058 913 1624
Sel: 082 417 3087

**De Oude Pastorie B&B**
Me. Mientjie Geyser
Tel: 058 913 1081
Sel: 082 329 0239

**Centre Court B&B**
Denise
Tel: 058 913 1536
Sel: 082 923 5093



Neuman Bros

-NEUMAN- -MERINOS-

**Leonard Neuman**
leonardneuman@gmail.com
0725350197
**Rodney Neuman**
rodney@neumandrakensbergers.co.za
0827468142

-NEUMAN- -DRAKENSBERGER-